DIE HOOGFEES VAN
MARIA, MOEDER VAN GOD
1 JANUARIE

)

Maria se uitverkiesing en haar ja-woord aan God maak dit moontlik dat God in Jesus, die God-met-ons, Immanuel, word. In sy ensikliek 'Marialis Culltis', skryf pous Paulus VI as volg: "Tydens hierdie feesviering, wat volgens die antieke gebruik van die stad Rome op 1 Januarie plaasvind, herdenk ons die rol wat Maria gespeel het in ons heilsgeskiedenis. Op hierdie dag vereer ons die heilige Moeder, veral haar besondere waardigheid, want dit is deur haar dat ons waardig genoeg geag is om die Here van die lewe te ontvang. Terselfdertyd bied dit vir ons 'n gepaste geleentheid om die nuutgebore Vredevors te aanbid."

© Die Oratorium Uitgewery